DEEL 116 | WEEK 19 | 10 MEI 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Oud-hoofseun oorlede in motorongeluk

Die stilte in Heilbron is gevul met droefheid oor die verlies van 'n jongman, Waldo Steyn (20). Hy is Saterdagaand op die Greenlandspad net buite Heilbron in 'n motorongeluk oorlede. Hy is vermoedelik uit die bakkie geslinger toe die voertuig gerol het.

Waldo, seun van Corrie en Lilanie Steyn, was 'n ligstraal vir almal wat hom geken het. Sy reis na volwassenheid het begin by Hoërskool Heilbron waar hy in 2021 as hoofseun gematrikuleer het. Sy passie vir boerdery het hom na Brinelda Boerdery gelei, waar hy hierdie passie verder ontwikkel het. Waldo was meer as net 'n harde werker; hy was 'n mens met 'n hart so groot soos die vlaktes van die Vrystaat. Sy medemenslikheid en liefdevolle geaardheid het hom 'n gunsteling gemaak onder sy vriende.

Sy onderwysers, Henriette Janse van Rensburg en Marina van Zyl van Hoërskool Heilbron, onthou hom as 'n vriendelike jongman met die mooiste glimlag. As hoofleier was hy 'n toonbeeld van presisie en sorg in alles wat hy aangepak het. Sy passie vir krieket en boogjag het hom saam met sy vriende gelei na onvergeetlike avonture.

Die gemeenskap van Heilbron omhels die Steyn-familie en vriende in gebed en hoop dat hulle vrede mag vind te midde van hierdie smartlike tyd.

Waldo se gedenkdiens en teraardebestelling vind plaas op Saterdag, 11 Mei om 10:00 by die Vegkop-feesterrein.







HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# UIT DIE PEN:



## Week 19

Nicholaas Petrus van Wyk Louw was die tweede van vier kinders. Die Universiteit van Kaapstad het ’n Meestersgraad in Duits aan hom toegeken en die Universiteit van Utrecht ’n honneursgraad. Hy was ’n professor in Afrikaans by die Universiteit van Amsterdam en het sy akademiese loopbaan by Wits afgesluit waar hy in die Afrikaans-Nederlandse departement gewerk het. Hy is op 64-jarige ouderdom dood.

Hy was die skrywer van Raka en Germanicus, onder andere. Ek kan van skooltyd onthou dat Raka ’n verskriklike epiese (verhalende-) gedig is. Vir my was dit onverstaanbaar en vreeslik lank. Gee my maar ’n kwartyn of iets met vier versreëls wat rym, en ek is in my element. Maar daar was ’n sekere bekoring aan NP van Wyk Louw.

Wanneer die herfs aanbreek, dink ek altyd aan NP van Wyk Louw se gedig, *“Vroegherfs.”*

*Die jaar word ryp in goue akkerblare,*
*in wingerd wat verbruin, en witter lug*
*wat daglank van die nuwe wind en klare*
*son deurspoel word; elke blom word vrug,*
*tot selfs die traagstes; en die eerste blare val*
*so stilweg in die rookvaal bos en laan,*
*dat die takke van die lang populiere al*
*teen elke ligte môre witter staan.*
*O Heer, laat hierdie dae heilig word:*
*Laat alles val wat pronk en sieraad was*
*of enkel jeug, en ver was van die pyn;*
*laat ryp word, Heer, laat u wind waai, laat stort*
*my waan, tot al die hoogheid eindelik vas*
*en nakend uit my teerder jeug verskyn.*

Regtig ’n mooi gedig. Maar hierdie is glad nie ’n disseksie van die gedig nie. Dit kan ek g’n niks doen nie, want ek verstaan ’n gedig soos wat ek hom lees. Ek kon desjare nooit verstaan hoe die Afrikaansonderwyser elke gedig tot in sy kern kon ontleed en dan die dieper betekenis daarvan verduidelik nie. Ek het soms my hand aan gedigte gewaag, en daarin het ek gesê presies net soos ek wou. Geen draaitjies of verdraaiings nie.

Herfs begin vir my wanneer die wit stinkhout sy blare begin afgooi. So vanaf die middel van Februarie af. Elke middag wanneer ek tuis kom, gryp ek eers die besem en vee alles bymekaar. My goeie man noem my die Goeie Fee. Dalk eerder Goeie Vee. Dit hou aan en aan tot einde Junie.

Op die sypaadjie het ons ’n Akkerboom. Diè is ook mos bladwisselend en gooi sy blare effens later af. Maar beide die bome is nie haastig om hierdie proses te voltrek nie. Veral die Akkerblare vorm ’n gladderige kombers op die oprit.

Om my goeie man te help, vat ek soms die klein blareblaser (ek is seker dit het ’n indrukwekkende naam, maar ek weet nie wat dit is nie) en blaas al die blare op ’n hoop. Dit word dan in sakke gesit en land uiteindelik op die komposhoop. Die erdwurms raak gaande daaroor.

Verlede Woensdag kom Roy by ons werk. Hy verf solank aan die agterkant van die huis. My goeie man ry gou iewers heen. Ek sluit die voorhek oop, vryf ons Pebbleshond en stap tot by die pad vanwaar ek die bruin akkerblare bymekaar blaas. Pebbles weet dat sy dit nie buite die erf mag waag nie, en sit soet in die hek.

Die akkerbome gooi ook kleinerige balletjies af. Onthou jy kleintydse prentjies van iemand wat op albasters gly? Wel, die balletjies het dieselfde effek. Ek gly en hoor en voel hoe alles in my voet trek en verrek.

En daar sit ek: alleen op die sypaadjie en ek kan nie opstaan nie. Nie omdat ek nie wil nie, net omdat dit te seer is. Ek sien dat daar ’n snaakse opgehewe ring rondom die onderkant van my been, naby aan my enkel is. Dis seker net ’n erg verstuite voet, dink ek. Maar trap kan ek nie. My telefoon lê in die huis en Pebbles by die hek.

Daar kom iemand verby gery. Sy ry om die blok en stop my.

“Het jy seergekry?” vra sy.

“Ontsagtlik”, sê ek. Pebbles sien dit as ’n teken dat sy mag uitkom.

Die vriendelike verbyryer roep vir Roy en die twee dra my tot in die sitkamer. Ek wil huil van pyn. Net erg verstuit, mos.

Die Engelse Noodhulpers praat van RICE: Rest, Ice, Compression, Elevate. Ek doen al vier goeters. Ek gaan nie die volgende dag werk toe nie, want ek kan nie op die karnallie trap nie. Daardie middag gaan neem ek x-strale. Af. Die Fibula is morsaf.

Ek huil vanaf die spreekkamer van ons dokter tot by die huis, terwyl my goeie man my tassie pak, tot in die hospitaal en die volgende dag tot in die teater. Ek huil omdat dit seer is, omdat ek nie kan loop nie, omdat ek nie hierdie beplan het nie, omdat dit alles net glad nie lekker is nie. Die ortopeed sit onder narkose ’n plaatjie en klomp skroewe in my been. My gryse ou pa sou die man die werk laat oordoen het, want op die x-strale lyk die skroefies nie vir my dieselfde afstand van mekaar nie, dink ek by myself.

Ek kry twee blou krukke, of soos my ma sê: Kurke. Ek huil sommer omdat ek sukkel om met hierdie goeters te loop. Omdat my goeie man vir my moet kos en water kamer toe bring, asof ek onder kamerarres is. Omdat ek nog nie die Groot Standbeeld aan my regtervoet mag laat aarde toe hang nie. Omdat my goeie man my elke dag bloedverdunners moet inspuit. Omdat ek elke sewe ure twee pynpille moet drink. En ook omdat ek vies is vir myself.

Hier is waaroor ek hierdie week wonder: dis sekerlik nie so erg nie, dit kon seker erger gewees het. Daar is ander mense wat erger bene breek, nekwerkwels vergruis, skedelfrakture het. Ribbes gebreek het, beide arms af is.

Dit kon seker erger. Maar hierdie is vir nou eers erg genoeg.

# Smoking is harmful to you and your family

*• Heilbron Clinic*

According to the World Health Organization, smoking will be the number one cause of death in the world by 2030. Already in countries like the United States, the United Kingdom and Canada, smoking kills more people than heroin, cocaine, alcohol, AIDS, fires, murders, suicides and road accidents combined! In South Africa, tobacco-related diseases kill about 25 000 people each year.

**Your family and friends can also benefit if you quit smoking.**
• South Africans are exposed to second-hand smoke at home, while it has been restricted in schools, public places, on public transportation, in restaurants and at work.
• Second-hand smoke is what smokers breathe out, it is sometimes called environmental tobacco smoke (ETS).
• Smoke from cigarettes, cigars and pipes can cause serious health problems not only for smokers.
• Smokers inhale about 15% of smoke from a cigarette. The rest goes into the air.
• When a non-smoker inhales second-hand smoke, it’s called passive smoking.

Tobacco and second-hand smoke contain over 4500 chemicals. Chemical tests on tobacco smoke found that side-stream smoke has more tar and other cancer-causing chemicals than mainstream smoke. When a cigarette is lit about 85% of the smoke is released into the atmosphere as side-stream smoke. Some chemicals in second-hand smoke include irritants and systemic toxins such as hydrogen cyanide, sulphur dioxide, carbon monoxide, ammonia and formaldehyde. Smoke inhaled from the burning end of a cigarette has more toxins than smoke inhaled by smokers.

**Does second-hand smoke affect the health of a non-smoker?** YES! If you are a smoker you probably know the effect smoking will have on your health, but did you know that when you smoke around people it could affect their health as well?

The immediate health effects of second-hand smoke include eye irritation, headache, nasal discomfort and sneezing, cough and sore throat, nausea and dizziness, increased heart rate and blood pressure.

A non-smoker working in a smoke-filled room for 8 hours will breathe as many cancer-causing chemicals as if he or she has smoked 36 cigarettes.

**Second-hand smoke is especially harmful to children.** Children who breathe second-hand smoke are more likely to get colds, allergies and middle ear infections. Exposure to second-hand smoke and smoking while pregnant are both linked to miscarriage, low birth weight and stillborn births. There is also evidence that postnatal exposure to second-hand smoke contributes to the risk of sudden infant death syndrome.

**What can be done about second-hand smoke?**
• Strive to make your home, workplace and community smoke-free.
• Ask smokers not to smoke around you and your children
• Ask visitors not to smoke in your home
• If you live with smokers, set up a place outside where they can smoke, or help them quit.

# Fun walk to collect toiletries for needy children

Lettia Leotlela organizes 5km fun walk to collect toiletries for needy children.

Lettia Leotlela, recently took a significant step towards addressing a pressing need in her community by organizing a 5km fun walk, to collect toiletries and sanitary products for disadvantaged children. This initiative was born out of a realization that many boys and girls in the area cannot afford these essential items, highlighting the importance of community support and solidarity. The event was a vibrant mix of exercise and fun, with participants coming together to contribute towards a worthy cause. The atmosphere was filled with a sense of camaraderie and a Fun walk to collect toiletries for needy children shared purpose as people from all walks of life joined hands to make a positive impact on the lives of those in need. Lettia Leotlela's initiative serves as a reminder of the power of collective action in addressing social challenges. By mobilizing resources and harnessing community goodwill, meaningful change can be brought about, improving the quality of life for vulnerable children and fostering a spirit of compassion and empathy within society. There are ongoing plans to continue collecting donations from generous individuals who wish to support the cause. These contributions will be used to provide essential toiletries and sanitary products to boys and girls, ensuring that they have access to the basic necessities that many of us often take for granted. In conclusion, Lettia Leotlela's 5km fun walk represents a shining example of grassroots activism and community engagement. It highlights the potential for ordinary citizens to make a difference and create positive change in the lives of those less fortunate. By working together and showing compassion, we can build a more inclusive and caring society for everyone.



# Het julle geweet?

Die Ou poskantoor se oorspronklike "branding" bestaan nog? Kom besoek die museum en kyk waar hierdie historiese item vandag staan!

Bewaring is baie belangrik!



# Iceberg Truck Stop bied nou petrol én meer aan:

## *'n Ware aanwins vir die gemeenskap*





Die Iceberg Truck Stop is trots om aan te kondig dat hulle, hulle dienste uitbrei deur nou ook petrol te verskaf. Daar is boonop 'n maandelikse spesiale aanbod asook 'n lojaliteitskaart wat dadelik beskikbaar sal wees vir klante.

Chris van Rensburg was een van die eerste petrol-kliënte en boonop baie tevrede met die Truck Stop se diens. Hierdie ondersteuning is 'n teken van 'n goeie verhouding tussen die besigheid en sy kliënte. Een van die opvallende kenmerke van die Truck Stop is die fokus op veiligheid, netheid en gemak vir sy kliënte. Die Iceberg Truck Stop bied 'n verskeidenheid fasiliteite aan reisigers naamlik: oornagfasiliteite vir trokdrywers, stortgeriewe, klerewassery, kiosk en vars voorbereide etes met 'n uitgebreide spyskaart. Die gewilde spyskaart van Truck Stop is vir baie kliënte reeds 'n hoogtepunt tydens hulle weeklikse besoeke. Die Strydom broers, wat die Truck Stop besit, is nie net besigheidsleiers nie, maar is ook baie betrokke by die gemeenskap en ploeg graag terug in Heilbron. Die Strydoms het ook die onder-9-rugbyspan van die Hoërskool Heilbron onlangs bederf met 'n sportsak vir elkeen en 'n uitstappie na die Truck Stop vir 'n smaaklike melkskommel en burger. Dié familiebesigheid is waarlik 'n aanwins vir die dorp en dra by tot die groei van die dorp se ekonomie. Die kombinasie van goeie diens, gemeenskapsbetrokkenheid en 'n uitnodigende atmosfeer maak dit 'n treffer onder plaaslike inwoners en reisigers. Hou maandeliks sosiale media en die koerant dop vir spesiale aanbiedings.









# JA Malherbe Primêre Skool Petrus Steyn



*Quanda van Schalkwyk is 'n netbalspeler van JA Malherbe wat gekies is vir die Oos-Vrystaatnetbalspan, wat aan die Vrystaat-netbalproewe deelneem.*



*Naudé van Jaarsveldt en Hannetjie Meiring is die hoofleiers vir 2024 van JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn wat na die afloop van kwartaal 1 gekies is.*



*Mnr. Bokkie Bosman, die skoolhoof van JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn is verkies as voorsitter van Oos-Vrystaat-rugby. Hy tree ook op as keurder by die Griffon-rugbyproewe.*



*Naudé van Jaarsveldt, 'n leerder van JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn is gekies vir die Oos-Vrystaatrugbyspan wat aan die Griffon-rugbyproewe gaan deelneem.*

# Boksburg Colgate Road race



*Gift Roets van Heilbron het saam met 21 ander atlete onlangs gaan deelneem aan die Boksburg Colgate road race 2024. Die atlete het dit vreeslik geniet en hoop om aan nog sulke geleenthede deel te neem.*

# Promosie oor sekuriteit by die Beheerkamer op 14 Mei

Op 14 Mei 2024, sal 'n insiggewende dag by die beheerkamer plaasvind - 'n groot promosie wat spesifiek oor sekuriteit handel. Hierdie gebeurtenis is die perfekte geleentheid vir diegene wat belangstel in sekuriteitskameras, hekmotors, en verwante tegnologieë om meer te leer en nuwe produkte uit te toets. "Security Mecca", 'n gesaghebbende naam in die sekuriteitswêreld, bring hulle kundiges en 'n spesiale toegeruste bus vir demonstrasies.

Die demonstrasie-dag begin om 11:00 by die beheerkamer. Dit is 'n unieke geleentheid wat nie misgeloop moet word nie, veral vir diegene wat betrokke is by plaasveiligheid en dorpsveiligheid. Amal in Heilbron en omliggende areas word hartlik uitgenooi om hierdie inligtingsdag by te woon.

"Security Mecca" en Hikvision bied 'n wye verskeidenheid van hulle nuutste produkte op 'n spesiale uitstallingswa.

Hierdie sluit in:

- Nuwe Centurion Slim Hekmotors soos die D3 Slim en D20 Slim, wat die nuutste in hekmotor tegnologie verteenwoordig.
- Die G-speak hekpos, 'n innoverende nuwe aanvulling tot hekstasies.
- 'n Solar Agri Energizer, wat duursame energie vir landbougebiede bied.
- Takex se FlameSsensor, 'n kritiese toevoeging tot vinnige brandwaarneming.
- Solar panele met ingeboude batterye vir energie-opwekking en berging.
- Verskeie Vaitec kameras en ander hoogwaardige sekuriteitsprodukte.

Hikvision gaan ook hulle draadlose alarmsisteem, die Ax Pro, ten toon stel, saam met hulle nuutste reeks kameras. Hulle deskundige personeel sal teenwoordig wees om vrae te beantwoord en waardevolle inligting te deel oor die nuutste sekuriteitstendense en tegnologieë.

Dit is 'n dag van leersame demonstrasies, gesprekke met industrieleiers, en die geleentheid om na die voorpunt van sekuriteitss-innovasie te kyk. Moet hierdie geleentheid nie misloop nie. Kom sluit aan en leer meer oor hoe om jou omgewing veiliger te maak.

# Celebrating a remarkable milestone


Hoërskool Heilbron

**TYDELIKE AANSTELLING**

- Natuurwetenskap & tegnologie Gr. 4-5
- Lewensoriëntering Gr. 7-9
- Wiskundige Geletterdheid Gr. 10

**Dokumentasie benodig saam met CV:**

- Matrieksertifikaat
- Onderwysgraad-/diploma
- Akademiese rekord
- Sport- en Kultuursertifikate
- SACE-/SARO-Sertifikaat
- Identiteitsdokument

**BEHEERLIGGAAMAANSTELLING**
**Aanvangsdatum:**
**9 Julie 2024 - 31 Oktober 2024**

Sluitingsdatum: 31 Mei 2024 om 12:00

Rig volledige aansoek aan:

**Navrae: Mnr Johnny van der Merwe**
**Tel: 058 852 3007**
**E-Pos: johnny@hsheilbron.co.za**




*Mammoledi Alina Serathi marks her 92nd birthday on May 7, 2024! Her family sends heartfelt birthday wishes and looks forward to many more joyful years ahead. Happy birthday mamma.*

# Soccer legends in the making

The Syrac U12 league is a breeding ground for up-and-coming young talent, and Phirihadi Primary School's Under-12 team did not disappoint. Kananelo Motaung and Amohelang Ngwali shine brightly in the latest match, ensuring Phirihadi progresses to the town finals.



Kananelo and Amohelang's skills and dedication were a true inspiration to their teammates and supporters. Their achievement is a testament to hard work and determination.

Syrac U12 would like to congratulate Kananelo and Amohelang on their outstanding play and wish Phirihadi Primary School the best of luck in their match against Kearabetswe Primary School in the town final. This is an achievement to be proud of and an opportunity for the young players to further develop their skills and grow in the sport.

Let's all celebrate these achievements and support Phirihadi Primary School's Under-12 team on their path to success!


SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
Cnr Langmark & Steyn St. Heilbron
083 488 1640 | admin@solarvibestore.com
SOLAR VIBE HAS MOVED TO STEERS
Your one-stop electrical shop!

# Ontvang onderwysgraad



*Hannelie Botha en Tammy Watson.*

Tammy Watson, die dogter van Abrie en Ria Watson, en Hannelie Botha, die dogter van Susan en Wyle Leon Kruger, het onlangs 'n belangrike mylpaal bereik in hulle onderwysloopbane. Albei het hulle 4-jaar onderwysgrade met lof voltooi aan STADIO Higher Education.

Tammy het in 2020 begin studeer. Na jare se harde werk en toewyding het sy in Mei 2024 haar BEd-grondslagfase graad saam met Hannelie ontvang. Hannelie het haar BEd-grondslagfasegraad Cum Laude verwerf.

Een van Tammy se passies is om met kinders te werk, en sy gebruik die geleentheid om haar liefde vir onderwys uit te leef by die Sandersville Combined Skool vir Graad 3's, terwyl Hannelie tans 'n onderwyser by DF Malherbe in Vanderbijlpark is.


Die sukses van Tammy en Hannelie weerspieël nie net hulle harde werk nie, maar ook die ondersteuning en aanmoediging wat hulle van hulle ouers, familie en dosente ontvang het. Dit is 'n testament van hulle deursettingsvermoë en toewyding tot die onderwysberoep.






*Gelukkige Moedersdag Sondag, 12 Mei 2024*

# INSPIRASIE RESEPTE



Pasch du Plooy

**SNACKS**

At De Vry Distiller and Restaurant, we use the sweet, savoury and salty elements of Worcestershire sauce reduction to break the fattiness of the coal fat (netvet) and add a smoky flavour and texture with the crispy bacon and fried onions. One of our most popular snacks.



Preparation time: 30 minutes
Cooking time: 20 minutes
Serving: 4-6 people

**Ingredients for the Skilpadjies**

6 x Skilpadjies
Your favourite BBQ seasoning
½ cup Worcestershire sauce
4 tbs brown sugar
1 tbs butter
1 sprig of thyme
4 strips of crispy cooked bacon, chopped finely
1 white onion, sliced into 3 mm thick rings
1 cup flour
2 cups canola oil

**Method for the Skilpadjies**

In a small pot add the canola oil and heat to 160 degrees. In a mixing bowl, mix the sliced onions with the flour and let it stand for 10 minutes. After 10 minutes, remove the onions from the flour and shake off any extra flour. Cook the onions in the oil until crispy and brown. Remove the onions from the oil and set aside on kitchen paper. Now place your Worcestershire sauce, sugar and thyme in a small pot and reduce by half, add the butter and stir well. Set aside until needed.

Season your Skilpadjies well with your BBQ spice and grill over medium heat until the fat is crispy and Skilpadjies are medium. About 5 minutes depending on the size of the Skilpadjies. They should just be firm to the touch and not hard. Now slice your Skilpadjies in halves and cook the Skilpadjies a little more on the sliced side if needed.

**How to serve**

Serve Skilpadjies on a platter, drizzle generously with the Worcestershire sauce reduction and sprinkle with crisp bacon bits and fried onions.


public works
Department: Public Works
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

idt

EXPANDED PUBLIC WORKS PROGRAMME

**BID NUMBER: EPWP/NSS NPO PROGRAMME 2024/25 -2025/26**

**REQUEST FOR PROPOSALS FOR PARTICIPATION IN THE EPWP NON-STATE SECTOR PROGRAMME FOR 2024/2025 AND 2025/2026 FINANCIAL YEARS**

The Independent Development Trust (IDT) invites suitably qualified Non-Profit Organisations (NPOs) working on community development programmes to submit proposals for participation in the Expanded Public Works Programme: Non-State Sector NPO Programme.

**Method of evaluation:** A three stage method of evaluation will be used-

1. **Stage 1**: Bidders will be evaluated on the basis of Mandatory / Compulsory Documents (or requirements);
2. **Stage 2**: Bidders who have passed the Mandatory / Compulsory Requirements, will then be evaluated further for functionality, i.e. (i) Readiness of the NPO to implement the EPWP new focus areas(40 points); (ii) Capacity of the NPO to manage work for the creation of work opportunities [20 points]; (iii) Governance [10 points]; (iv) Fair Understanding of the EPWP programme [20 points]. (v) Sustainability of the NPO [10 points]. To pass functionality, a minimum of 60 points have to be attained, before being evaluated further, i.e. for due diligence;
3. **Stage 3**: NPOs will be evaluated on site i.e. (i) Basic Office Infrastructure [40]; (ii) Confirmation of Existing Focus Area [30] and Confirmation of Human Resources [30]. The NPOs must score a total of 80 points for due diligence or site inspection to qualify for participation in the EPWP NSS NPO Programme for 2024/2025 and 2025/2026 financial years.

The bid document is available in the IDT website www.idt.org.za/business-opportunities/current tenders/ and the National Treasury eTender Portal available on www.treasury.gov.za

Bid documents should be submitted to the IDT Regional Offices on or before **Wednesday, 05 June 2024 by 12h00 hours,** for the attention of the following persons listed below. Email addresses are for purposes of providing clarity only as no bid documents will be accepted via email. Similarly, Bids sent by post will not be accepted.

| PROVINCE | CONTACT PERSON | CONTACT NUMBERS AND PHYSICAL ADDRESS | E-MAIL ADDRESS |
|---|---|---|---|
| Eastern Cape | Lizo Mhlontlo | (043) 711 6000 / 067 805 6210 | Lizom@idt.org.za |
| Free State | Tsholofelo Thulare | 061 459 0618 | Tsholofelot@idt.org.za |
| Gauteng | Nceba Njongwe | (012) 845 2000 / 082 577 7062 | ncebanj@idt.org.za |
| KwaZulu- Natal | Babhekile Mngoma | (031) 369 7400 / 082 927 9660 | babhekilem@idt.org.za |
| Limpopo | Joel Fako | (015) 295 0000 /079 999 0001 | joelf@idt.org.za |
| Mpumalanga | Sylvia Sibiya | 081 329 6514 | Sylvias@idt.org.za |
| Northern Cape | Thabani Mbonambi | 065 852 8068 | ThabaniMb@idt.org.za |
| North West | Kholofelo Mohlauli | 073 115 1801 | KholofeloMo@idt.org.za |
| Western Cape | Alan Wright | 076 670 2154 | alanw@idt.org.za |

**NB. Compulsory Briefing Sessions will take place as per the schedule in section H, point no. 9 on pages 33, 34 and 35. Bidders who did not attend a Compulsory Briefing Session will be eliminated.**

**Bid documents that are late WILL not be accepted.**





This advertisement/advertorial has been paid for by the relevant political party and represents the view of the client, and not that of the publication featuring it.

# Heilbronners eis aksie oor waterkrisis















**TELWIEDRE VOERE**

Address: Laer Street, Heilbron, 9650 | Postal: P.O. Box 294, Heilbron, 9650
Tel: 058 852 2742 | Fax: 058 852 3700

## POSITION: JUNIOR INTERNAL NUTRITIONIST

We are currently seeking a highly-skilled, reliable, self-motivated graduate to join our growing team. The role of a Junior Internal Nutritionist will cover ruminant and monogastric nutrition and feed quality within the company. The person will be based in Heilbron, and some travel will be required.

### REQUIREMENTS AND QUALIFICATIONS

- Should hold at least a BSc Agric. degree.
- Experience in a similar position will be an advantage.
- Computer literacy (Excel, Power Point and Word).
- Fluent communication in Afrikaans and English.
- The person should be self-driven and motivate himself/herself within the company and a team player.

### RESPONSIBILITIES:

1. Help working in the quality assurance system within the factory.
2. Help with signing off custom orders.
3. Support the salmonella system and the Kemin TEC program.
4. Implement approved formulations at the different mixing points by means of Inteqnion.
5. Controlling and assisting quality control and the laboratory.
6. Data capture between the central laboratory and the laboratories at the different mills.
7. Keep clients' prescriptions up to date.
8. Collaborate with other nutritionists.
9. Provide help with the preparation of matrixes.
10. Responsible regulating and documenting quarantine.
11. Examine/investigate documentation of problem loads.
12. Retaining, investigating, and documenting the non-compliance of a service, process, product or in the system itself that has gone wrong, by not meeting a certain set of specifications [QMS}
13. Handling and maintenance of animal feed registrations and documentation.
14. Ensure that all licenses are renewed in good time and are in place.
15. Preparation and presentation of the necessary data in Management Review meetings.
16. Investigate customer complaints related to product quality and production.
17. Any other duties in the line of responsibilities, as assigned by the immediate head, the Executive Manager [Production], the Chief Executive Officer or the Technical Manager.
18. Support during the preparation and process of annual audits.

**CLOSING DATE: 31 MAY 2024.**

**Those interested:- Send your resumé cover letter and copy of degree to, A. Barnard at admin@telwiedre.co.za ASAP.**


Woensdag 8 Mei het inwoners van Heilbron 'n kragtige boodskap gestuur deur 'n optog te hou wat deur verskeie partye en instansies, soos die VF+, DA en Afriforum, ondersteun is. Die optog het 'n sterk klem geplaas op die ernstige waterkrisis wat die dorp tans in sy greep hou.

Vir 'n aaneenlopende 45 dae is dele van Heilbron sonder water, terwyl ander dele 'n beperkte toegang tot water gehad het. Dit word glo gedoen omdat die Ngwathe-munisipaliteit, Randwater sowat R67 miljoen skuld. Hierdie toestand is onaanvaarbaar vir die gemeenskap, en daarom het die dorp 'n eenheid gevorm in protes.

Die hoofdoel van die optog was om 'n memorandum aan me. Victoria de Beer, die burgermeester van Ngwathe, te oorhandig. Dit was 'n dringende versoek vir aksie om die waterprobleem aan te spreek. Ongelukkig het me. De Beer nie opgedaag vir hierdie kritieke aangeleentheid nie.

Die optog is gereël deur onder andere Frik Marais, 'n sakeman van die dorp, en Robert Ferendale, 'n DA-raadslid, asook Marinda Matthys Engelbrecht van die Vryheids Front Plus, help verseker het dat die optog wettig is. Robert Ferendale van die DA het die geleentheid aangegryp om die inhoud van die memorandum te verduidelik, en oor te dra. Hy het uitgelig dat die dokument die dringende behoeftes en eise van die gemeenskap omtrent water dien. Victoria de Beer, burgermeester was ongelukkig nie in Heilbron om die dokument te ontvang nie. Victoria het nou sewe dae om te antwoord

Jan van Niekerk, die Provinsiale leier van die VF+, was ook teenwoordig en het die belangrikheid beklemtoon van gemeenskapsaangeleenthede. Hy het benadruk dat dit vir die Vryheidsfront plus krities is om aktief betrokke te wees by gemeenskapsaangeleenthede nie vir eie gewin nie, maar om die belange van die hele gemeenskap te dien.

Tammy Breed, 'n parlementslid en kiesafdelingshoof vir die VF+, het ook haar ontevredenheid uitgespreek oor die waterkrisis. Sy het genoem dat die VF+ al verskeie kere aansoeke ingedien het, nie net by die plaaslike owerhede nie, maar ook by die minister van water en sanitasie. Hulle glo dat hierdie aangeleentheid op die hoogste vlak aangespreek moet word om 'n doeltreffende oplossing vir die inwoners te bied.

Die optog is deur meer as 500 mense bygewoon, ongeag van hul politieke voorkeure. Die media het ook 'n groot belangstelling getoon en die gebeure van die dag uitgesaai, wat die aandag op die waterkrisis verder gevestig het. Marais was ingenome met die opkoms. "Dit is die eerste keer in my lewe dat ek mense van verskillende politieke partye sien saamstaan om vir dieselfde ding te baklei. Die gemeenskap het saamgetrek en uiteindelik wil almal net toegang tot water hê."

Inwoners van Heilbron hoop dat hierdie aksie die nodige aandag sal trek om die waterkwessie op 'n doeltreffende manier aan te spreek. Die vraag wat inwoners nou moet vra is, of 'n leier wat nie sy of haar werksverantwoordelikhede nakom nie, nog geskik is vir die pos wat hy/sy beklee.




# HERALD Sport

# Thulani ryg bekers in



Thulani Malgas (middel) het Saterdag seker gemaak dat die HBA maandbeker in sy trofeekas staan toe hy die dag gewen het met 'n skitterteling van 65 houe. Die dag is ook goed ondersteun as gevolg van uitstekende speltoestande. John Watson is terug op die wennerpodium met 69 en Simon Malgas (links), derde met 71 houe. Die Bronnies Kleuterskool dag word op 1 Junie aangebied.

*Gelukkige Moedersdag Sondag, 12 Mei 2024*








BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 13 MEI 2024**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 14 MEI 2024**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

VREDE Maandeliks veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

MIDDELBURG: TIMAL BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
22 Bulle & 50 vroulike diere
11:00, plaas Tweefontein
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

**WOENSDAG - 15 MEI 2024**

ROSENDAL Twee-maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

**DONDERDAG - 16 MEI 2024**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 17 MEI 2024**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539













